## AFDELING D: LETTERKUNDE

***BLADSAK* – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma (20)**

**EN**

**VERHAAL B: "STOKVEL OP ʼN PLAAS" – Justice L Makete (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die ou mense vertel hierdie verhaal. Hulle het dit by die ouers van hulle ouers gehoor. Hulle sê Valk en Hen was baie groot maats in die dae toe al die voëls nog kon gepraat het.<br>Elke dag, elke dag, elke dag het Valk na die grond toe afgekom …<br>***<br>Maar hy was die enigste voël wat ʼn naald besit het en eendag vra die hen vir hom: "Vriend van my, leen asseblief jou naald vir my".<br>Valk was baie jammer vir sy naald, toe vra hy eers: "Wat wil jy daarmee maak?" |

6.1 Waarom het Valk elke dag na die grond toe afgekom? (1)

6.2 Vir wie was Valk baie lief? (1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer.

"Elke dag, elke dag, elke dag het Valk na die grond toe afgekom …" (reël 4) is ʼn voorbeeld van …

A ironie.
B herhaling.
C kontras.
D stereotipering. (1)

6.4 Waarom wou Hen die naald leen? Gee TWEE feite. (2)

6.5 Voltooi die volgende sin deur ʼn woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

| |
|---|
| belofte; waarskuwing; opdrag |

Hen het so gespog met haar karos dat sy Valk se … vergeet het. (1)

6.6 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.6.1–6.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Die vreemde hoenders | A … het vir Hen die naald teruggevra. |
| 6.6.2 Die kuikens | B … het half jaloers geklink. |
| 6.6.3 Die ou mense | C … het gepraat van poele wat opdroog. |
| 6.6.4 Die valk | D … het van die mooi karos vergeet. |
| | E … het bang gevoel. |

(4 x 1) (4)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Hen het vir almal in die kraal haar karos gewys.
- Almal het gehelp om na die naald te soek.
- Hen het Valk se naald geleen.
- Valk se naald het op die ashoop beland. (4)

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

Hen het Valk se naald verloor en daarom moes Hen …

A se kinders die huis skoonmaak.
B gaan wegkruip het.
C haar kuikens beskerm.
D ŉ kaptein se vrou geword het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Toe sy op die ashoop kom, het sy nie eens meer die karos om nie. Sy het dit verloor, maar sy steur haar nie daaraan nie, sy begin die naald te soek.
> ***
> Haar kinders hoor haar huil, hulle kom na haar toe aangehardloop en kruip onder haar vlerke in wat sy vir hulle oophou.
> Sy kreun hard maar hulle sit doodstil, *tu-u-u …*
> Toe Valk weg is, kom hulle *behoedsaam* uit en begin weer soek.

6.9 Hen was onverantwoordelik.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.10 Hen het by die ander hoenders met haar karos gespog. Watter probleem het dit vir Hen veroorsaak? (1)

6.22 Voltooi die volgende sin deur ŉ woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.22) en die ontbrekende woord neer.

| |
|---|
| eerste; laaste; enigste |

Die bejaardes het na kerklike musiek geluister omdat hulle nie seker was of dit hulle … stokvelviering was nie. (1)

6.23 Hoekom kan ŉ mens sê dat die stokvelgangers mekaar ondersteun het? (1)

6.24 Hoekom was dit reg van Malaita om die kontrei te verlaat? (1)

6.25 Hoe kan die stokvelgangers seker maak dat daar nie weer moeilikheid by die volgende stokvel sal wees nie? (1)

6.26 Verduidelik waarom die stokvel ŉ goeie idee vir die mense in hierdie verhaal was. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou